
# Lede van Suidpoolspan ontspan met boeke

(Pretoriase Redaksie)

LEDE van die agtste Antarktiese ekspedisie wat binnekort na die Suid-Afrikaanse basis op Antarktika vertrek, het gistermiddag by die Noord-Transvaalse Streekbiblioteek van die Provinsiale Biblioteekdiens boeke gaan uitsoek om saam te neem.

Die manne het die kans wat hulle gebied is deeglik aangegryp en boeke wat wissel van onderwerpe soos fotografie, elektronika, sterrekunde en selfs die Tweede Wêreldoorlog is uitgesoek om in die vreemde gelees te word.

Die ordonnansie waaronder die Transvaalse Provinsiale Administrasie 'n biblioteekdiens lewer, maak slegs voorsiening vir die lewering van diens binne die grense van die provinsie. Volgens Wet 55 van 1962 word dit geag dat Antarktika binne die landdrosdistrik van Pretoria geleë is en as gevolg hiervan, is die Provinsiale Biblioteekdiens dus gemagtig om wel 'n biblioteekdiens op Antarktika te lewer.



Die boeke waarvan elke lid van die span sowat twintig kan uitsoek, sal Kaapstad toe gestuur word waar dit deel sal uitmaak van die vrag van die Antarktiese navorsingskip.

**DRIE** van die spanlede blaai hier deur sommige van die boeke wat hulle kan saamneem. In die gewone volgorde verskyn van links na regs; A. P. H. Aucamp (geoloog) D. E. Bosman (landmeter) en M. H. Williams (ionosferikus), mej. J. Breed (biblioteek-assistent) sit hand by om die boeke uit te soek.